*Saterdag* **5**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 13:1-12 (NAV)**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 13:1-3**

**Lucius en sy anderste gemeente**

Lucius was ’n profeet en leraar van die gemeente in Antiochië (waar gelowiges vir die eerste keer Christene genoem is). Hy was afkomstig van Sirene (vandag Libië) in Noord-Afrika. Hy was saam met ander profete en leraars in die gemeente besig om die Here te verheerlik en te vas. Die Griekse woord vir “dien” in Handelinge 13:2 (*leitourgeo*) kan ook lofprysing (Eng: “worship”) beteken. Ons woord liturgie is hiervan afgelei.

Tydens hulle lofprysing en vas het die Gees vir Lucius en ander profete gesê dat hulle Barnabas en Saulus moes afsonder en moes uitstuur om die sendingwerk te doen waarvoor God hulle geroep het. Die gemeente het gebid en gevas en hulle toe met handoplegging uitgestuur. In vers 4-12 sien ons met hoeveel gesag Saulus daarna opgetree het. Dalk was dit die einste Lucius wat Paulus later in Rome bygestaan het (Rom. 16:21).

Lucius was gewoond aan verskeie sake wat in ons gemeentes as buitengewoon bestempel sal word. Kom gemeentes vandag nog bymekaar om God te verheerlik en te vas? Tree profete nog saam met leraars in ons eredienste op? Hoor ons nog dat die Heilige Gees deur die profete spesifieke opdragte oor persone gee? Dat die gemeente dan verder bid en vas en apostels met handoplegging vir hulle sendingtaak uitstuur? Of dat ’n gemeente gelei word deur ’n mengelmoes-kerkraad? Lucius van Noord-Afrika het skouer aan skouer gedien saam met Niger (Latynse bynaam oor sy swart velkleur) en die Jode Paulus en Barnabas. Manaen het voor sy bekering saam met Herodes grootgeword.

Baie interessant! Dalk roep die minder bekende Lucius ons op om te bid *en* te vas? Of om ook as profete by die Gees te hoor wie ons moet uitstuur? Of dat die Gees sy eie vreemde span mag saamstel?

*Sing: Skrifberyming 8-2:1, 4, 5*

*Dr. Jacob Pretorius (Linden)*